(3) If the person fails to submit such a report within the period specified, the waste management officer may appoint an independent person to compile the report and recover the costs of compiling the report from the person required to submit it.

(4) If the waste management officer suspects that the person has on one or more occasion contravened or failed to comply with the By-law or a license issued in terms of provincial or national legislation and this has had a detrimental effect on the environment, including health, social conditions, economic conditions, ecological conditions or cultural heritage or has contributed to the degradation of the environment, the waste management officer may direct that such a report be compiled by an independent person.

(5) The waste management officer may then direct the person who failed to comply with the By-Law to take the action recommended in such report, failing which the City may do so, and the person who contravened the By-Law shall be liable for the cost thereof.

Offences and penalties

23.(1) A person who contravenes sections 12(b), 12(f), 15(1) shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable for—

- (a) littering or dumping over 8m³ of waste or hazardous waste;
- (b) spillage or leakage over 8m³ of waste without putting in place suitable measures;
- (c) conveying of an uncovered load of hazardous waste of any volume;
- (d) conveying of an uncovered or unsecured load which results in spillage over 8m³ of waste or hazardous waste,

such fine or imprisonment as the court may deem appropriate and the court may in addition order the removal of such waste or determine what measures must be taken by such person and the payment of the expenses incurred in respect thereof or any other costs or damages.

(2) Should any person induce, influence, persuade or force an employee of the City or other person to commit an offence in terms of this By-law he or she shall be guilty of an offence.

(3) Should any person induce an employee of the City to collect and dispose of waste without the correct payment to the Council, or the correct methods being employed, shall be guilty of an offence.

(4) Any waste generator who fails to submit or comply with an integrated waste management plan in terms of this By-law shall be guilty of an offence.

(5) Any person who commits any offence referred to in subsections (2) to (4) or any other offence in terms of this By-law shall on conviction be liable for the payment of a minimum fine of R500 but not exceeding R10 000 or imprisonment for a minimum period of 6 months but not exceeding 2 years, or to both such fine and such imprisonment.

(6) The court may in addition to any penalty imposed in terms of subsection (5), order a person to repair the damage, make good the loss, rehabilitate the environment, remove waste, or determine what measures must be taken by such person and the payment of the expenses incurred in respect thereof or any other costs or damages.

(7) The Court may, when considering any sentence for an offence in terms of this By-Law, take into account the following:

- (a) That a person delayed in complying with or failed to comply with the terms of notices or directions given to that person under this By-law;
- (b) that person obtained a financial advantage or was to obtain a financial advantage as a result of the commission of the offence;
- (c) the severity of the offence in terms of its impact or potential impact on health, wellbeing, public safety and the environment.

Delegations by the waste management officer

24. The waste management officer shall be entitled to delegate to any other official of the City any of his or her powers or obligations in terms of this By-law.

Functions and powers of waste management officer

25. The waste management officer shall be responsible for regulating, controlling, managing and enforcing the provisions of this By-Law and national and provincial legislation relating to waste management.

Amendments to waste removal services

26. The City may amend any existing waste removal or cleansing services once a process of public notification, participation and comment has been completed and provided the amendment is practical, cost effective and has as its objective the prevention of the proliferation of waste, the minimisation of waste or the reduction of waste to be removed.

Transitional provisions

27. Any approvals given in accordance with previous by-laws will be valid in respect of the premises for which they were granted and in respect of the person to whom they were granted, but cannot be transferred to any other person.

Guidelines

28. The Council may make guidelines not inconsistent with other legislation generally for the better carrying out of the objects and purposes of this By-law.

Repeal of By-laws

29. The By-laws in Schedule 1 hereto are hereby repealed.

Interpretation

30. In the event of a conflict between English, Xhosa and Afrikaans versions of this By-law, the English version shall be decisive.

Short title and commencement

31. This By-law is called City of Cape Town: Integrated Waste Management By-law, 2009 and comes into operation on promulgation in the Provincial Gazette.

**SCHEDULE 1
REPEALED LAWS**

| ADMINISTRATION | BY-LAW TO BE REPEALED |
|---|---|
| Brackenfell Municipality | P.N. 538/1968: Additional by-law relating to the removal and disposal of refuse |
| Cape Town Municipality | P.N. 0733/1961: Refuse Bins by-law |
| Helderberg Municipality | P.N. 656/2000: By-law relating to the removal of refuse and waste |
| Kuils River Municipality | P.N. 287/1964: Additional by-law relating to the removal and disposal of refuse |
| Pinelands Municipality | P.N. 34/1982: By-law relating to the removal of refuse |
| South Peninsula Municipality | P.N. 228/1999: Solid Waste by-law |
| Tygerberg Municipality | P.N. 89/1999: Refuse removal by-law |
| West Coast Peninsula Transitional Council | P.N. 123/1997: Refuse removal by-law (insofar as it is applicable to the municipal area of the City of Cape Town) |
| In addition: | |
| Unicity | Littering and Dumping By-law (Provincial Gazette 5894, 21 June 2002) |

**SCHEDULE
ADMISSION OF GUILT FINES**

| SECTION | OFFENCE | FINE |
|----------------|---|-------------|
| Section 15(1) | Littering or dumping under 1m ³ | R500 |
| | Littering or dumping over 1m ³ to 3m ³ | R1000 |
| | littering or dumping over 3m ³ to 5m ³ | R1 500 |
| | Littering or dumping over 5m ³ to 7m ³ | R2000 |
| | litter or dumping over 7m ³ to 8m ³ | R2 500 |
| Section 12(b) | Conveying of an uncovered load which results in spillage of load— Spillage under 1m ³ | R500 |
| | Spillage over 1m ³ to 3m ³ | R1000 |
| | Spillage over 3m ³ to 5m ³ | R1 500 |
| | Spillage over 5m ³ to 7m ³ | R2000 |
| | Spillage over 7m ³ to 8m ³ | R2 500 |
| | Conveying of an unsecured load which results in spillage of load— Spillage under 1m ³ | R500 |
| | Spillage over 1m ³ to 3m ³ | R1000 |
| | Spillage over 3m ³ to 5m ³ | R1 500 |
| | Spillage over 5m ³ to 7m ³ | R2000 |
| | Spillage over 7m ³ to 8m ³ | R2 500 |

**STAD KAAPSTAD
VERORDENING OP GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUUR**

Om die vermyding, minimalisering, generering, verwydering, opruiming van en wegdoening met afval te reguleer; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Aanhel

NADEMAAL die Stad ingevolge die Grondwet wetgewende bevoegdheid ten opsigte van vullisverwydering, vullishope en wegdoening met vaste afval het;

Nademaal die Stad Kaapstad ("die Stad ") 'n verpligting het om afvalbestuur te reguleer en te beheer ten einde 'n veilige, gesonde en volhoubare omgewing te verseker, en te sorg dat die regte van individue beskerm word;

Nademaal die Stad die generering en omgewingsimpak van afval wil verminder om te verseker dat die sosio-ekonomiese ontwikkeling, die gesondheid van die mense binne die Stadsgrense en die gehalte van omgewingshulpbronne nie nadelig deur afval geraak word nie;

Nademaal die Stad wil sorg dat alle inwoners, instellings, sakeondernemings, besoekers of toeriste en staatsdepartemente toegang tot die dienste van 'n legitieme afvalbestuursdiensverskaffer kan hê; en

Nademaal die Stad afvalgenerering en die opruiming, skeiding, berging, verwydering, verwerking, behandeling, herwinning, hergebruik van, en

wegdoening met afval, met inbegrip rommelstrooiing en onwettige storting asook geriewe wat vir die bestuur van afval gebruik word, wil reguleer, met die uiteindelige doelwit om die generering van afval te vermy of te minimaliseer;

VERORDEN die Stad Kaapstad soos volg:—

Inhoudsopgawe

1. Definisies
2. Toepassing van dié Verordening
3. Kategorisering van afval
4. Verpligtinge van afvalgenereerders
5. Gevaarlike afval
6. Geleenthedsafval
7. Voorrangafval
8. Noodgevalle wat die bestuur van afval vereis
9. Totstandbrenging van formele afvalminimaliseringsklubs in gemeenskappe en onder sakeondernemings
10. Geïntegreerde afvalbestuursplan
11. Vrystelling van voorlegging van 'n geïntegreerde afvalbestuursplan
12. Berging en vervoer van afval
13. Hersirkulering, hergebruik, sortering en herwinning van afval
14. Verbod op ongemagtigde wegdoening met afval
15. Rommelstrooiing en storting
16. Lisensies
17. Afvalbestuursdienste, aansoeke om en registrasie vir afvalversamelings- en -verwyderingsdienste
18. Toegang tot privaat eiendom
19. Persele ontoeganklik vir afvalverwydering
20. Voldoeningskennisgewings
21. Betekening van dokumente en prosesstukke
22. Versuim om aan die Verordening te voldoen, en toepassing
23. Misdrywe en boetes
24. Delegerings deur die afvalbestuursbeampte
25. Funksies en bevoegdhede van die afvalbestuursbeampte
26. Wysigings van afvalverwyderingsdienste
27. Oorgangsbepalings
28. Riglyne
29. Herroeping van Verordeninge
30. Interpretasie
31. Kort titel en aanvangs

Definisies

1. In dié Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

“aansteeklike afval” afval wat vermoedelik patogene in afdoende konsentrasie of hoeveelheid bevat om siekte by vatbare draers te veroorsaak; dié kategorie sluit kulture en voorrade van aansteeklike middels in afkomstig van laboratoriumwerk, afval van operasies en lykskouings op lyke met aansteeklike siektes, afval van geïnfecteerde pasiënte in afsonderingsale, afval wat in aanraking was met pasiënte wat hemodialise ondergaan, geïnfecteerde diere van laboratoria, sanitêre afval en weefsel, met inbegrip van absorbeerwatte, en enige ander instrumente of stowwe wat met geïnfecteerde persone of stowwe in aanraking was;

“afval” enige stof, hetsy gasagtig, vloeibaar of solied of enige kombinasie daarvan, wat van tyd tot tyd deur die nasionale minister van omgewingsake en toerisme uitgewys is deur middel van kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur die lid van die uitvoerende raad van die provinsie van die Wes-Kaap belas met afvalbestuur in die provinsie van die Wes-Kaap as 'n ongewenste of oorbodige neweproduk, uitlating, residu of restant van enige proses of aktiwiteit;

“afvalbestuursbeampte” die direkteur: vasteafvalbestuur, of 'n beampte waarna in artikel 25 van dié Verordening verwys word;

“afvalgenereerder” 'n eienaar van 'n eiendom, 'n huishouding, organisasie of sake-entiteit waarvan die inwoners, bewoners of werknemers afval genereer, met inbegrip van sorteerders van afval, soos herwinnings- of afvalminimaliseringsgroepe, skroothandelaars en terugkoopentrums;

“afvalminimaliseringsklub” 'n groep persone wat hulle tipies in 'n hoëdigheids- residensiële gebou of kantoorgebou, of 'n veeleieningskompleks-sake- of residensiële ontwikkeling bevind, en wat 'n ooreenkoms het, wat die Direkteur ingevolge dié ooreenkoms goedgekeur het, om afval te minimaliseer in ruil vir 'n laer tarief volgens 'n geïntegreerde afvalbestuursplan;

“**afval met swaarmetale**” onder andere kwikafval van thermometers, bloeddrukmeters, residu's van tandheelkunde, kadmiuafval van weggoobatterye, versterkte houtpanele wat vir bestralingsbeveiliging gebruik word, en geneesmiddels wat arseen bevat;

“**algemene afval**” ’n generiese term vir afval wat vanweë die samestelling en eienskappe daarvan nie ’n wesenlike risiko vir openbare gesondheid of die omgewing inhou as dit behoorlik bestuur word nie; dié soort afval bestaan tipies uit plastiek, papier, kos en vloeistowwe wat nie aansteeklik of met gevaarlike chemikalieë of radioaktiwiteit besoedel geag te wees nie;

“**bouafval**” afval wat geproduseer word deur die konstruksie, verandering, herstel of sloping van enige struktuur, mensgemaak sowel as natuurlik, met inbegrip van rommel, grond, hout en rots wat deur enige konstruksie, verandering, herstelwerk of sloping verplaas word, met die uitsluiting van tuinafval;

“**chemiese afval**” onder andere weggooi- vaste, vloeibare en gasagtige chemikalieë;

“**direkteur**” die direkteur verantwoordelik vir vasteafvalbestuur in die Stad;

“**drukhouerafval**” onder andere druksilinders en -patrone wat in gesondheidsorgfasiliteite gebruik word om gasse te bewaar;

“**eienaar**” sluit die geregistreerde eienaar, huurder of bewoner van ’n perseel in, of die persoon in bevel en/of beheer van enige perseel of deel daarvan, wat ouer as 16 jaar is, en enige persoon wat voordeel uit die perseel trek of daarop geregtig is;

“**farmaseutiese afval**” onder andere verstreke, ongebruikte, gestorte en bederfde farmaseutiese produkte, geneesmiddels, entstowwe en sera wat nie meer nodig is nie en waarmee behoorlik weggedoen moet word;

“**geakkrediteerde diensverskaffer**” ’n persoon of entiteit wat deur die Stad geakkrediteer is in ooreenstemming met sy riglyne wat van tyd tot tyd gepubliseer word, en wat ’n afvalverwyderingsdiens in die Stad lewer, met inbegrip van, , maar nie beperk daartoe nie: groot- en kleinsakeondernemings, entrepreneurs, gemeenskapskoöperasies en ondernemingsleiderskappe;

“**geïntegreerde afvalbestuursplan**” ’n geïntegreerde afvalbestuursplan wat ingevolge dié Verordening deur die Stad vereis word, of wat ingevolge enige ander toepaslike wetgewing vereis word;

“**geleenthedsafval**” afval afkomstig van die aktiwiteite rakende ’n geleentheid wat in die Stad plaasgevind het;

“**gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit**” ’n terrein of perseel wat deur die provinsie van die Wes-Kaap of die nasionale regering gelisensieer is en wat vir die ophoping van of wegdoening met afval gebruik word;

“**genotoksiese afval**” uiters gevaarlike afval wat mutageniese, teratogeniese of karsinogeniese eienskappe kan hê; dié soort afval sluit sekere sitostatiese geneesmiddels in, sowel as vomeersel, urine en ontlasting van pasiënte wat met sitostatiese geneesmiddels, chemikalieë en radioaktiewe materiaal behandel is;

“**gesondheidsorgafval**” enige afval—

(a) wat deur mediese sorg of mediese navorsing genereer word of daarvan afkomstig is, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie—

- (i) aansteeklike afval;
- (ii) patologiese afval;
- (iii) skerp afval;
- (iv) farmaseutiese afval;
- (v) genotoksiese afval;
- (vi) chemiese afval;
- (vii) drukhouerafval;
- (viii) afval met swaarmetale;
- (ix) radioaktiewe afval;
- (x) algemene afval;

(b) wat met bloed, liggaamsvloeistowwe of menslike weefsel, of geïnfecteerde diere van veeartsenykundige praktyke in aanraking was;

“**gesondheidsorgafval**” dié deel van gesondheidsorgafval wat gevaarlik is en sluit in aansteeklike afval, patologiese afval, skerp afval, farmaseutiese afval, genotoksiese afval, chemiese afval, afval met swaarmetale, radioaktiewe afval, en enige ander gesondheidsorgafval wat as gevaarlik gedefinieer is ingevolge die Afvalbestuursreeks: dokument 1: *Minimumvereistes/of die hantering en klassifisering van, en wegdoening met gevaarlike afval* soos gepubliseer deur die departement van waterwese en bosbou of enige ander toepaslike wetgewing;

“**gevaarlike afval**” gesondheidsorgafval en enige afval wat na gelang van die omstandighede van die produksie, gebruik, hoeveelheid, konsentrasie of inherente fisiese, chemiese, toksikologiese eienskappe daarvan, ’n wesenlike nadelige uitwerking op die omgewing, of die gesondheid van ’n persoon of enige ander lewende organisme kan hê;

“**herwinbare stowwe**” enige stowwe wat in grondstowwe omskep kan word wat hergebruik kan word om nuwe produkte of hulpbronne te skep;

“**houers van afval**” enige persoon wat afval invoer, genereer, berg, opgaar, vervoer, verwerk, behandel, uitvoer of daarmee wegdoen, en dit sluit hersirkuleerders en skroothandelaars in;

“**industriële afval**” afval wat afkomstig is van persele wat in die geheel of hoofsaaklik vir industriële doeleindes gebruik word, en wat afval genereer deur middel van vervaardiging, vervaardigings- of industriële prosesse, met inbegrip van persele wat vir landbouaktiwiteite, mynbou-aktiwiteite of die bedryf van kragstasies gebruik word;

“**patologiese afval**” sluit alle menslike weefsel, organe, liggaamsdele, fetusse, bloed en liggaamsvloeistowwe in, asook dié van diere;

“**persoon**” sluit enige staatsorgaan in;

“**radioaktiewe afval**” onder andere vaste, vloeibare en gasagtige stowwe wat met radionuklide besoedel is, met ingebrip van afval afkomstig van prosedures soos *in vitro*-ontleding van liggaamsweefsel en -vloeistof, *in vivo*-orgaanafbeelding en gewaslokalisering en verskillende ondersoekende en terapeutiese praktyke;

“**residensiële afval**” afval wat afkomstig is van persele wat in die geheel of hoofsaaklik vir residensiële, sport-, ontspannings- of opvoedkundige doeleindes gebruik word, en wat herwinbare en nie-herwinbare stowwe kan insluit, maar wat gevaarlike afval uitsluit;

“**rommel**” afval, met die uitsluiting van gevaarlike afval, wat afkomstig is van aktiwiteite in openbare gebiede en wat nie in ’n openbare rommelhouer weggegooi is nie;

“**sakeondernemingsafval**” afval wat afkomstig is van persele wat, hetsy wettig of onwettig, hoofsaaklik vir kleinhandels-, groothandels- vermaak-, staatsadministrasie- of kommersiële doeleindes gebruik word, en dit geld ook vir afval wat gegeneer word deur informele handelaars en residensiële persele waar kommersiële aktiwiteit uitgevoer word;

“**skerp afval**” sluit items in wat snye of prikwonde kan veroorsaak, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, naalde, spuitnaalde, skalpels, en ander lemme, messe, infusiestelle, sae, gebreekte glas en spykers, en die woord “skerp” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“**Stad**” die Stad Kaapstad wat ingevolge Provinsiale Koerantno. 479 van 2000 tot stand gebring is, of sy regsopvolgers;

“**storting**” die wegdoening met afval op enige ander manier as dié wat by wet toegelaat word, met in begrip van, sonder om die wye omvang van die voorgaande in te kort, die plaas, uitlaat, mors of vrystelling van afval, hetsy die afval in ’n houer of opvangbak is, in of op enige plek hoegenaamd, hetsy in openbare of privaat besit, met inbegrip van, maar nie beperk daartoe nie, onbeboude grond, riviere, waterweë, opvanggebiede en riool- en stormwaterstelsels, maar met die uitsluiting van rommelstrooiing;

“**Tariefbeleid en Tariefverordening**” die Tariefbeleid en Tariefverordening wat die raad van die Stad aanvaar het en wat van tyd tot tyd in die Provinsiale Koerant gepubliseer word;

“**tuinafval**” organiese afval wat afkomstig is van tuinbou- of terreinverfraaiingsaktiwiteite op residensiële, sake- of industriële eiendomme, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, grond, grassnysels, blare en takke, en enige vergaanbare stowwe sodanige afval wat van residensiële, sake- of industriële eiendomme afkomstig is, maar met die uitsluiting van afvalprodukte van dierlike oorsprong;

“**voorrangafval**” afval wat as sodanig verklaar is deur die direkteur ingevolge dié Verordening of ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing.

Toepassing van dié Verordening

2. Ingeval van enige strydigheid van dié Verordening met enige ander verordening van die Stad wat met afvalbestuur verband hou, moet dié Verordening voorrang geniet.

Kategorisering van afval

3. (1) Afval sal gekategoriseer word in ooreenstemming met die definisies van die verskillende soorte afval in dié Verordening en die Verordening op Omgewingsgesondheid (in soverre dit mediese afval definieer), en in gevalle waar dit onduidelik is onder watter kategorie ’n soort afval hoort.

(2) Sal die besluit van die direkteur, onderhewig aan enige ander wet, finaal wees by die kategorisering afval.

Verpligtinge van afvalgenereerders

4. (1) ’n Afvalgenereerder moet—

- (a) die generering van afval vermy, of waar dit nie vermy kan word nie, die toksisiteit van en hoeveelheid afval wat gegeneer word minimaliseer;
- (b) afval skei met die oog daarop om afval en die impak daarvan te minimaliseer, en om die herwinbare en nie-herwinbare afval afsonderlik te berg, met dien verstande dat industriële afval verdeel moet word in vloeistowwe, komponente en materiaal wat vir herwinning of hergebruik behandel kan word;
- (c) afval hergebruik, hersirkuleer of herwin waar dit moontlik is;
- (d) wegdoen met herwinbare afval deur -
 - (i) die Stad te kontrakteer, en die eienaar sal die Stad se standaardtarief ingevolge die Verordening op Tariewe moet betaal;
 - (ii) waar die Stad nie sodanige diens lewer nie, deur ’n geakkrediteerde diensverskaffer te kontrakteer; of
 - (iii) die afval by ’n geakkrediteerde afvalwegdoenfasiliteit af te lewer, en sorg dat die behandeling van, of wegdoening met afval op ’n omgewingsensitiewe wyse geskied by ’n geakkrediteerde afvalwegdoenfasiliteit;
- (e) afval so bestuur dat dit nie gesondheid of die omgewing bedreig of ’n oorlas veroorsaak nie;
- (f) paslike sindelikeids- en higiënestandaarde op hulle persele handhaaf soos deur die Stad se Verordening op Omgewingsgesondheid vereis word;
- (g) gebruik maak van die afvalverwyderingsdienste wat die Stad en/of sy diensverskaffer verskaf, tensy die Stad nie ’n afvalverwyderingsdiens verskaf vir die soort afval waarmee weggedoen moet word nie, in welke geval hulle van ’n geakkrediteerde diensverskaffer gebruik moet maak;
- (h) met die Stad, sy diensverskaffer of ’n geakkrediteerde diensverskaffer, na gelang van die geval, ’n kontrak aangaan vir die berging en verwydering van afval;
- (i) afval, totdat dit verwyder word, in die houters berg wat deur die Stad en/of geakkrediteerde diensverskaffer verskaf word, of waar daar nie houters verskaf word nie, die afval in swart plastieksakke plaas, welke houters en/of sakke minstens een keer per week deur die diensverskaffer verwyder sal word in ooreenstemming met die roetes wat die Stad of diensverskaffer van tyd tot tyd sal publiseer;
- (j) tariewe en belasting betaal wat die Stad vir sodanige afvalverwyderingsdienste hef ingevolge die Stad se Verordening op Kredietbeheer en Skuldinvordering;

(2) As ’n bykomende houer verlang word, kan die afvalgenereerder by die afvalbestuursbeampte om die verskaffing daarvan aansoek doen, en sal hy in ooreenstemming met die Stad se Verordening op Tariewe en Tariefbeleid vir die bykomende koste aanspreeklik wees.

(3) Die afvalbestuursbeampte kan van sodanige persoon verlang om ’n geïntegreerde afvalbestuursplan voor te lê voordat hy toestem om ’n bykomende houer te verskaf.

(4) Die eienaar en afvalgenereerder moet aan die bepalinge en voorwaardes voldoen wat sodanige afvalbestuursbeampte uiteengesit het vir die generering, minimalisering, berging, verwydering en behandeling van, en wegdoening met sodanige bykomende afval.

(5) Ingeval die afval wat ’n afvalgenereerder genereer, die volume oorskry wat in die beskikbare houer(s) of sakke geberg kan word, moet die eienaar met ’n geakkrediteerde diensverskaffer reëlings vir die verwydering van die ekstra afval tref.

- (6) As sodanige reëlings nie getref word nie, moet die eienaar en/of afvalgenereerder dié bykomende afval sonder versuim op eie koste na 'n geakkrediteerde afvalwegdoenfasiliteit vervoer, en dit daar aflaai.
- (7) Die Stad sal aan die eienaars van formele wonings wat ander strukture op hulle eiendomme het met gesinne wat in dié afsonderlike strukture woon, ook een houër per bykomende struktuur toewys, en dié eienaars sal daarop geregtig wees dat dit op dieselfde voorwaardes as die residensiële woning s'n verwyder word.
- (8) Die eienaar van die eiendom sal 'n bykomende kontrak met die Stad moet onderteken vir die berging en verwydering van, en wegdoening met sodanige afval, soos bedoel in subartikel 7, en sal vir tariewe aanspreeklik wees wat die Stad daarvoor hef.
- (9) Enige sakeonderneming en/of agent wat namens sodanige ondernemings met afval wegdoen, moet voor of op die 7e van elke maand 'n verslag aan die afvalbestuursbeampte voorlê oor die afval waarmee weggedoen is, in 'n formaat na gelang die direkteur van tyd tot tyd sal bepaal.
- (10) 'n Afvalgenereerder wat industriële afval genereer, moet 'n geakkrediteerde diensverskaffer kontrakteer vir die verwydering van sodanige afval en die wegdoening daarmee by 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit.
- (11) Die eienaar moet op versoek aan die afvalbestuursbeampte bewys kan lewer dat hy/sy 'n geskikte ooreenkoms met sodanige geakkrediteerde diensverskaffer aangegaan het vir die verwydering, verwerking, behandeling van en/of wegdoening met sodanige afval minstens een keer per week, of na gelang die afvalbestuursbeampte bepaal.
- (12) 'n Geakkrediteerde diensverskaffer moet ten opsigte van industriële afval soos omskryf deur SANS 10228 en 10229 voldoen aan alle wetgewing met betrekking tot die hantering, oorlaai, berging, gebruik, behandeling en vervoer van gevaarlike goedere, en moet by 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit of grondopvulterrein daarmee wegdoen.
- (13) 'n Afvalgenereerder wat industriële afval genereer, moet 'n geïntegreerde afvalbestuursplan aan die Stad voorlê, en moet aan die voorwaardes voldoen wat die Stad oplê vir die generering, minimalisering, berging, herwinning en verwydering van, en wegdoening met sodanige afval.
- (14) Tuinafval wat gegenereer word op eiendomme wat hoofsaaklik vir residensiële doeleindes gebruik word, kan op die eiendom vir komposmaking gebruik word, of op komposhoop geberg word of in geskikte sakke geplaas word ooreenkomstig die Stad se vereistes, en dit mag op die eiendom gehou word totdat dit verwyder word of na 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit geneem word.
- (15) Die afvalgenereerder kan deur die afvalbestuursbeampte versoek word om 'n weegbrugkaartjie te toon as bewys van behoorlike wegdoening met tuinafval bo 'n bepaalde massa, na gelang die Stad bepaal ingevolge sy riglyne en voorwaardes wat van tyd tot tyd opgelê word.
- (16) Enige persoon wat bouafval regstreeks of onregstreeks genereer, of die eienaar van die eiendom waarop sodanige afval gegenereer word, mag sodanige afval nie berg in houers wat die Stad vir residensiële afval verskaf het nie, en moet sodanige afval verwyder en daarmee wegdoen by 'n gelisensieerde vergruisaanleg of grondopvulterrein of enige ander gelisensieerde bouafvalwegdoenfasiliteit.
- (17) Wanneer planne aan die Stad voorgelê word vir sy goedkeuring ingevolge die Nasionale Bouregulasies en die Wet op Boustandaarde, Wet 107 van 1977, moet die persoon wat die planne voorlê, terselfdertyd-
- 'n geïntegreerde afvalbestuursplan voorlê waarin daar uiteengesit word watter voorsiening vir die verwydering van, en wegdoening met bou- en ander afval gemaak word;
 - meld welke voorsiening gemaak word om die afval op hulle eiendom te berg; of
 - 'n permit voorlê om sodanige afval op Stadseiendom te berg.
- (18) Ingeval bou- of ander afval besoedel is en die besoedelagent skadelik en/of gevaarlik is, moet daarmee weggedoen word by 'n gelisensieerde geakkrediteerde afvalwegdoenfasiliteit vir die behandeling van, en wegdoening met gevaarlike afval.
- (19) Die eienaar van die fasiliteit waar daar met bouafval weggedoen word, moet 'n maandelikse verslag aan die afvalbestuursbeampte voorlê oor die massa van sodanige afval waarmee daar by sodanige gerief weggedoen is.
- (20) Die afvalgenereerder of die eienaar van die eiendom waarop afval gegenereer word, wat afval op eiendom van die Stad stort of berg, kan beboet word vir versuim om 'n permit vir sodanige storting of berging te hê of te toon.
- (21) Wanneer die boubeheerbeampte die eiendom inspekteer waar bouwerk uitgevoer word om na te gaan dat dit ooreenkomstig die goedgekeurde planne gebou is, sal hy/sy ook nagaan of daar met alle bouafval weggedoen is.
- (22) Daar sal van die eienaar van die eiendom waarna daar in subartikel (21) verwys word, verwag word om aan sodanige boubeampte deur middel van 'n weegbrugsertifikaat bewys te lewer dat hy/sy met die volle massa van die bouafval weggedoen het by 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit vir dié kategorie afval, voordat 'n okkupasiesertifikaat of enige finale goedkeurings verleen word.

Gevaarlike afval

5. (1) 'n Afvalgenereerder wat gevaarlike afval genereer en die eienaar van eiendom waar gevaarlike afval gegenereer word, moet 'n geakkrediteerde diensverskaffer kontrakteer om sodanige afval te verwyder en daarmee weg te doen by 'n gelisensieerde gevaarlike-afvalwegdoenfasiliteit.
- (2) 'n Persoon wat die gevaarlike afval vervoer, moet seker maak dat die fasiliteit of plek waarheen die gevaarlike afval vervoer word, gemagtig is om sodanige gevaarlike afval te aanvaar voordat dit van die voertuig afgelaai word.

Geleentheidsafval

6. (1) Enige persoon wat regstreeks of onregstreeks betrokke is by die organisering of bestuur van 'n sport-, vermaaklikheids-, kulturele of godsdienstige geleentheid wat op privaat of openbare eiendom gaan plaasvind, of wat 'n perseel besit of beheer waarop 'n sport-, vermaaklikheids-, kulturele of godsdienstige geleentheid gaan plaasvind, met inbegrip van sportstadions en konferensiesentrums, moet minstens vyf werksdae voor die beoogde geleentheid 'n geïntegreerde afvalbestuursplan in ooreenstemming met dié Verordening aan die afvalbestuursbeampte voorlê ten opsigte van die berging, verwydering en herwinning van, en wegdoening met afval tydens en na sodanige geleentheid, en moet aan die bepalinge en voorwaardes voldoen wat die Stad oplê.
- (2) Die geïntegreerde afvalbestuursplan moet ook kosteberekeningsinligting insluit, en daar sal van die organiseerder, bestuur of eienaar verwag word om 'n terugbetaalbare deposito te betaal na gelang die Stad sal bepaal.
- (3) Enige persoon wat voornemens is om geleentheidsafval te genereer, moet 'n geakkrediteerde diensverskaffer kontrakteer om sodanige geleentheidsafval te verwyder en by 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit daarmee weg te doen, en moet as deel van sy/haar geïntegreerde afvalbestuursplan bewys hiervan aan die Stad lewer.
- (4) As die geleentheid op 'n openbare plek gaan plaasvind, is die gebruik, verkoop of verspreiding van glas- of soortgelyke houers verbode, tensy

daar vooraf by die afvalbestuursbeampte toestemming verkry is op sodanige voorwaardes na gelang deur hom of haar bepaal word, wat die moontlikheid van besering as gevolg van gebreke glas sal verminder.

(5) Ingeval 'n persoon versuim of nalaat om voor die geleentheid die dienste van 'n geakkrediteerde diensverskaffer ingevolge subartikel (3) te bekom, of versuim om 'n geïntegreerde afvalbestuursplan aan die Stad te voorsien, of as daar op die gebied waar die geleentheid plaasgevind het of as gevolg van die geleentheid op die omliggende gebied afval agter gelaat word, kan die afvalbestuursbeampte, onderhewig aan subartikel (6), vir die verwydering, opruiming en herwinning van, en wegdoening met die geleentheidsafval reël.

(6) Die koste van die verwydering, opruiming en herwinning van, en wegdoening met die afval sal deur die geleentheidsorganiseerder betaalbaar wees, en kan verhaal word van die betaalde deposito of in gevolge die Stad se verordening op Kredietbeheer en Skuldinvordering.

Voorrangafval

7. (1) Die direkteur moet ingevolge dié Verordening afval as voorrangafval kategoriseer as hy of sy meen dat spesiale maatreëls ten opsigte van die bestuur van sodanige afval nodig is, aangesien dit -

- (a) 'n wesenlike bedreiging vir gesondheid of die omgewing inhou;
- (b) in die omgewing kan bly;
- (c) patogene van aanmeldbare siektes bevat of kan kweek; of
- (d) ingevolge ander toepaslike wetgewing as voorrangafval verklaar is.

(2) Die Stad kan van tyd tot tyd riglyne publiseer na gelang dit ten opsigte van die kategorisering van afval nodig kan wees.

Noodgevalle wat die bestuur van afval vereis

8. (1) In 'n noodgeval kan die direkteur die eienaar van die eiendom of die afvalgenereerder versoek om sodanige afval binne 'n gegewe tyd tot bevrediging van die Stad te bestuur.

(2) Die direkteur kan reël vir die bestuur van 'n noodgeval, met inbegrip van verwydering en opruiming van rommel en besoedelingsgevolge, en vir die vervoer van, en wegdoening met die afval by 'n gelisensieerde afvalwegdoenfasiliteit wat geakkrediteer is vir die spesifieke soort afval wat gegenereer is.

(3) Die direkteur kan ook die rehabilitasie en herstel van enige infrastruktuur, geboue, toerusting of natuurlike omgewing in dié proses reël, bestuur en koördineer.

(4) Die koste van sodanige bestuur, rehabilitasie en herstel, met inbegrip van alle koste wat by die benutting van die Stad se hulpbronne, toerusting en materiaal aangegaan is, sal vir die rekening wees van die persoon wat vir die noodgeval verantwoordelik is.

(5) As 'n noodgeval deur 'n natuurkrag veroorsaak is, sal die Stad sodanige noodgeval op 'n wyse behartig na gelang die omstandighede en befondsing mag toelaat.

Totstandbrenging van formele afvalminimaliseringsklubs in gemeenskappe of onder sakeondernemings

9. (1) Afvalbestuursklubs kan by die direkteur om spesiale vrystelling as 'n verbeterde diens ten opsigte van afvalminimalisering aansoek doen ingevolge die Stad se Verordening op Tariewe en Tariefbeleid.

(2) Die klub moet 'n skriftelike geïntegreerde afvalbestuursplan vir goedkeuring aan die direkteur voorlê, sowel as ander aansoekdokumentasie vir die stigting en bedryf van 'n afvalminimaliseringsklub, na gelang die Stad kan bepaal.

(3) Die direkteur sal na sy/haar goeiddunke bepaal of hy 'n afvalminimaliseringsklub se aansoek om spesiale vrystelling sal goedkeur, al dan nie.

(4) As 'n aansoek nie slaag nie, moet die direkteur redes vir die afwysing van goedkeuring aan die afvalminimaliseringsklub stipuleer en verskaf.

(5) As die direkteur 'n aansoek goedkeur om 'n afvalminimaliseringsklub te stig, moet die klub voldoen aan die bepalings en voorwaardes wat die direkteur neerlê vir die generering, minimalisering, berging en verwydering van, en wegdoening met sodanige afval.

Geïntegreerde afvalbestuursplan

10. (1) 'n Geïntegreerde afvalbestuursplan moet skriftelik deur die afvalgenereerders wat in subartikel (10) hieronder gelys word, vir goedkeuring aan die afvalbestuursbeampte voorgelê word, voor die generering van die afval waarmee ingevolge genoemde plan gehandel sal word.

(2) 'n Geïntegreerde afvalbestuursplan moet die volgende insluit —

- (a) 'n bepaling van die hoeveelheid en soort afval wat gegenereer sal word;
- (b) 'n beskrywing van die dienste wat nodig is om sodanige afval te berg, te verwyder en te vervoer, en daarmee weg te doen;
- (c) 'n beskrywing van hoe herwinbare en nie-herwinbare stowwe by die bron geskei gaan word;
- (d) die afvalminimaliserings- en besoedelingsvoorkomingsplan van sodanige afvalgenereerder;
- (e) die afval wat deur hulle geskep word se impak of potensiële impak op die omgewing;
- (f) die soort of kenmerke van die afval wat geproduseer word wat van 'n omgewingsensitiewe aard is, of die hoeveelheid natuurlike hulpbronne wat verbruik word by die vervaardigings- of produksieproses wat afval tot gevolg het;
- (g) mikpunte vir afvalproduksie deur middel van minimaliserings-, hergebruiks-, hersirkulerings- en herwinningsmaatreëls, of programme wat die verbruik van natuurlike hulpbronne kan minimaliseer, en die afvalwegdoenmetode.

(3) Industriële entiteite moet in 'n geïntegreerde afvalbestuursplan maatreëls insluit of stappe wat gebruik sal word om afval te bestuur, die uifasering van die gebruik van sekere stowwe, geleenthede vir die vermindering van afvalgenerering deur middel van veranderinge aan produkontwerp, produkvervaardiging of verpakking om hulpbronverbruik te verminder.

(4) Sake- en industriële entiteite moet vir die opvoedings-, bemarkings- en verkooppilgting voorsiening maak wat klanteperspie en -gedrag beïnvloed om die herwinning van produkte te verseker.

(5) Wanneer 'n afvalgenereerder versoek word om 'n afvalbestuursplan of 'n verdere afvalbestuursplan ingevolge dié Verordening voor te lê, moet hy/sy dit binne die gestipuleerde tyd doen, en voldoen aan die bepalings en voorwaardes wat die afvalbestuursbeampte oplê vir die generering, minimalisering, berging en verwydering van, en wegdoening met sodanige afval.

(6) Die afvalbestuursbeampte moet die plan oorweeg en —

- (a) dit goedkeur met voorwaardes en riglyne vir die implementering daarvan verstrek;
- (b) versoek dat bykomende inligting verskaf word of dat 'n hersiene plan vir goedkeuring voorgelê word;
- (c) vereis dat wysigings aangebring word binne die tydsbestek wat hy of sy spesifiseer; of
- (d) die plan afwys en redes daarvoor verskaf; of
- (e) sodanige plan goedkeur en voorwaardes spesifiseer wat op sodanige goedkeuring betrekking het.

(7) As 'n geïntegreerde afvalbestuursplan afgewys word of glad nie voorgelê word nie, moet die afvalbestuursbeampte riglyne verstrek ten opsigte van die afvalbestuursmaatreëls wat die afvalgenereerder moet getref, en as die afvalgenereerder versuim om sodanige maatreëls te tref binne die tydsbestek wat die afvalbestuursbeampte gespesifiseer het, kan die Stad sodanige maatreëls implementeer en sal die afvalgenereerder vir die koste daarvan aanspreeklik wees.

(8) Die direkteur kan deur middel van skriftelike kennisgewing enige persoon versoek om dié inligting te verskaf wat hy of sy nodig het om die Stad se geïntegreerde afvalbestuursplan op te stel.

(9) As 'n persoon versuim om die inligting te verskaf waarna daar in subartikel (8) verwys word, mag die Stad op die afvalgenereerder se koste 'n ouditeur aanstel om sodanige inligting te verkry.

(10) Die afvalgenereerders van die volgende klasse afval moet 'n geïntegreerde afvalbestuursplan indien —

- (a) sakeondernemings afval;
- (b) industriële afval;
- (c) bouafval;
- (d) geleentheidsafval;
- (e) voorrangafval;
- (f) gevaarlike afval;
- (g) diene wat om spesiale vrystelling ingevolge artikel 9 aansoek doen;
- (h) diene wat afval sorteer of 'n hersirkulerings-, hergebruiks- of afvalherwinningsaktiwiteit onderneem, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, skroothandelaars, hersirkuleringsgroepe en terugkoopentrums;
- (i) enige ander persoon wat deur die direkteur kennis gegee word om dit te doen; of
- (j) diene wat die aktiwiteite uitvoer wat in paragraaf (h) gelys is.

Vrystelling van voorlegging van 'n geïntegreerde afvalbestuursplan

11. (1) As een van die afvalgenereerders vir die kategorieë afval waarna in artikel 10(10)(j) hierbo verwys is, van die voorlegging van 'n afvalbestuursplan vrygestel wil wees, moet daar skriftelik by die afvalbestuursbeampte aansoek gedoen word, en die redes vir die aansoek moet verstrek word.

(2) 'n Afvalbestuursbeampte kan ook verklaar dat—

- (a) sekere soorte afval of afvalgenereerders;
- (b) 'n bepaalde massa of volume afval; of
- (c) persone wat sodanige plan aan die ander regeringsfere voorgelê het ingevolge hulle toepaslike wetgewing,

van die voorlegging van 'n geïntegreerde afvalbestuursplan vrygestel word.

Berging en vervoer van afval

12. (1) Enige houër van afval wat dit berg of vervoer, moet sorg dat—

- (a) die houër waarin enige afval geberg word, heel is en nie gekorrodeer of op enige ander wyse vir die veilige berging of vervoer van afval ongeskik gemaak is nie, as dit nie in 'n houër is wat deur die Stad verskaf is nie;
- (b) gepaste maatreëls getref is om te verhoed dat storting of lekkasie per ongeluk voorkom;
- (c) die afval nie weggewaai kan word nie;
- (d) ergerisse soos 'n slegte reuk, visuele impakte en die uitbroei van siektedraers nie ontstaan nie;
- (e) besoedeling van die omgewing en benadeling van gesondheid voorkom word;
- (f) gevaarlike afval in 'n ondeurlaatbare houër verseël is, en dat gepaste maatreëls getref is om peutery te voorkom; en
- (g) enige afvalitems of -stowwe veilig vir hantering, verwydering en/of wegdoening is, en dat dit nie skadelik vir persone sal wees as ongemagtigde persone of die publiek toegang daartoe kry nie.

(2) Die afvalgenereerder en die houër van afval moet sorg dat afval na die naaste gelisensieerde wegdoenfasiliteit vervoer word wat die kapasiteit het om die afval te hanteer.

Hersirkulering, hergebruik, sortering en herwinning van afval

